

MET DIE MATIES OP DIE SPORTVELD

'n HISTORIESE TERUGBLIK IN 'n NEUTEDOP

Oor 'n tydperk van meer as 'n honderd jaar het verskeie interne, sowel as eksterne kragte meegewerk om sport aan die Universiteit Stellenbosch te vorm. Hierdie kragte omsluit institusionele veranderinge, asook verskuiwings binne die politieke landskap van Suid-Afrika. Tesame hiermee het die kommersialisering en professionalisering van sport oor die afgelope dekades 'n beduidende uitwerking gehad. Meer onlangse veranderinge ten opsigte van die bemaking en uitsending van tersiêre sport het daartoe bygedra dat studentesport tot 'n nasionale vlak verhoog is – iets wat nog nie voorheen in Suid-Afrika verwerklik is nie. Nieteenstaande al hierdie ontwikkeling het een aspek egter oor die jare konstant gebly, naamlik die waarde van sport as integrale deel van die studente-ervaring aan die Universiteit Stellenbosch. Tot op hede vervul sport steeds 'n noemenswaardige rol binne die waarde-aanbieding van die Universiteit.

INSTITUSIONELE GESKIEDENIS VAN SPORT AAN DIE US

Die genootskapsverhouding tussen sport en die Universiteit het met die verloop van tyd in 'n hoë mate ontwikkel. Huidiglik dien Maties Sport, met sy hoofkantoor geleë op die Coetzenburg Sportkampus, as die entiteit waardeur uitdrukking gegee word aan die sportdoelstellings en werksaamhede van die Universiteit. In 2010 het die naam “Maties Sport” die vorige “Sportburo” vervang as die nuwe gesig van sport aan die Universiteit. Die Maties handelsmerk kon sodoende uitgebrei en versterk word binne die sportomgewing. Daar is ook gevoel dat die naam “Sportburo” uitgedien was in terme van die omvang van die bedrywighede wat deur Maties Sport verteenwoordig is. Verandering ten opsigte van sport op tersiêre vlak in Suid-Afrika is ook in berekening gebring met die neem van hierdie besluit. Aan die hoof van Maties Sport staan 'n Hoofdirekteur van Sport – 'n posisie wat sedert 2014 deur me. Ilhaam Groenewald beklee word.

Huidiglik word sport op vele vlakke aan die Universiteit Stellenbosch bedryf en wissel dit van hoë prestasie student-atlete wat op internasionale vlak meeding tot ontspanningsaktiwiteite wat koshuissport insluit. As 'n eenheid bied Maties Sport strategiese leiding en ondersteuning aan die verskillende sportkodes op die kampus – met klubs wat hulle werksaamhede reël binne die oorkoepelende visie vir sport aan die instelling. Hierdie praktyk verskil grootliks van vroeër jare toe klubs saamgestel is as volledig selfbesturende entiteite, wat elk sy eie koers bepaal het. In hierdie opsig is die Maties Krieketklub die oudste en het sy ontstaan waarskynlik in 1864 gehad.

In die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog is die eerste saadjies gesaai vir die ontstaan van 'n enkele sportstruktuur aan die Universiteit Stellenbosch. Gedurende hierdie tydperk was die Sportsekreteraris en twee assistente verantwoordelik vir die algemene organisering van die verskillende sportsoorte. Klubs moes egter steeds 'n groot mate van inisiatief aan die dag lê met betrekking tot operasionele aspekte soos byvoorbeeld spankeuses en die samestelling van klubbesture. Die Sportkantoor was in die Coetzenburg Atletiekstadion geleë en het 'n ondersteunende rol vervul. Oorkoepelend het die Sportkomitee van die Raad leiding geneem rakende administrasie van sportterreine en die bygaande finansiële aspekte.

Reeds in 1961 was daar al erkenning binne sportgeledere vir die waarde wat sport as ontspanning vir studente kon bied. Op daardie stadium is beraam dat ongeveer 40% van studente aan een of ander vorm van sportontspanning deelgeneem het. Die doel van die Sportkomitee van die Raad was egter om hierdie getal na 80% te verhoog. Gedurende die

1950's het vrouesport veral 'n opbloeï beleef. Aanvanklik was dosente van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde verantwoordelik vir vrouehokkie en netbal, terwyl gemengde sportsoorte soos tennis en atletiek onder die Sportkantoor geval het. Prof. Danie Craven (op daardie stadium hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde) en Isabelle Nel (ook verbonde aan die Departement) het in hierdie tydperk 'n daadwerklike poging aangewend om sportdeelname onder studente – en veral vrouestudente – te verhoog. Minderheid-sportsoorte soos vrouesagtebal, sierswem en pluimbal het gevolglik op die been gekom. Craven het selfs vrouesagtebal vir 'n tydperk afgerig. Koshuissport vir vrouehokkie en netbal het ook tot stand gekom.

'n Belangrike dryfveer was die daarstelling van die Damesontspanningsvereniging (DOV) onder die vaandel van die Departement Liggaamlike Opvoeding. Hierdie vereniging het onder andere voorsiening gemaak vir aktiwiteite soos koshuistafeltennis en koshuistennis asook fiksheidsoefeninge wat deur dosente van die Departement en LO-studente aangebied is. Die uitbreiding op hierdie gebied het later gelei tot die aanstelling van die eerste betaalde vrouesportorganiseerder, mev. S. Foulkes, in 1970. Die Damesport- en Ontspanningsvereniging (DSOV) is ook op die been gebring onder beheer van die Sportkantoor. Ontspanningsaktiwiteite is gevolglik uitgebrei om ook kultuuraktiwiteite soos teateruitstappies in te sluit.

Craven is in 1973 as deelyde Direkteur van Sport en Ontspanning aangestel – 'n rol wat hy in 1976 voltyds aangepak het na afloop van sy uittrede as hoof van die Departement Liggaamlike Opvoedkunde. Hy was dus die eerste voltydse Direkteur van Sport en Ontspanning by die Universiteit – 'n aanduiding van die toenemende rol wat sport binne die instansie begin speel het. Sedert Craven het slegs vier persone die pos bekleë, naamlik mnr. G.P. "Butch" Lochner (1982-1991), mnr. Belius Potgieter (1992-2005), me. Jackie Wiese (2005-2014) en me. Ilhaam Groenewald (2014-).

EKSTERNE KRAGTE: POLITIEK, PROFESSIONALISERING EN KOMMERSIALISERING

Sport aan die Universiteit Stellenbosch is, soos in die geval van die instelling as 'n geheel, ongetwyfeld gevorm deur die historiese kragte van sy tyd. In hierdie opsig was die twee mees betekenisvolle eksterne kragte gedurende die afgelope 100 jaar heel waarskynlik die post-apartheid politieke oorgang in Suid-Afrika, asook die professionalisering en kommersialisering van sport oor die algemeen. Die politieke oorgang van die vroeë 1990's het gepaard gegaan met die hertoelating van Suid-Afrika tot die internasionale sportarena in 1991 – sodoende is nuwe geleenthede geskep vir student-atlete om internasionaal mee te ding.

Die einde van Suid-Afrika se sportisolasië het ook internasionale besigheidsgeleenthede aan plaaslike sport gebied. In 'n immer globaliserende wêreld het internasionale tendense die plaaslike sporttoneel begin beïnvloed – betekenisvol is veral die blitsige professionalisering van sport in die middel 1990's. Voorheen het die top Suid-Afrikaanse sportlui in meeste gevalle daarna gestreef om akademiese kwalifikasies aan 'n universiteit te verwerf, met die wete dat hulle vir 'n loopbaan ná sport moes beplan. In die verlede was daar byvoorbeeld tydens Intervarsity rugbywedstryde dan ook dikwels etlike Springbokspelers teenwoordig wat op daardie stadium besig was met studies. Die koms van professionalisering het drastiese veranderinge meegebring. Nuwe plaaslike en internasionale kompetisies is ingebring (byvoorbeeld Super Rugby) en daar was nou die geleentheid om hul sporttalent aan te wend met die oog op 'n loopbaan – gevolglik het die noodsaaklikheid van akademiese kwalifikasies verminder. Met verloop van tyd het dit daartoe gelei dat van die top plaaslike sporttalent nie

meer in universiteite opgeneem is nie en dit het, soos byvoorbeeld in die geval van rugby, hoë profiel Intervarsity wedstryde van hul glans ontnem.

Die profiel van tersiêre sport is egter tot 'n groot mate herstel – en selfs verhef – met die instelling van die Varsitybeker rugbykompetisie in 2008. Die model – geskoei op die “Monday Night Football”-konsep in die V.S.A. – het vinnig uitgebrei na ander sportsoorte onder die breër “Varsity Sport”-sambreel, wat sewes-rugby, atletiek, krieket, sokker, hokkie, netbal en strandvlugbal insluit. Hierdie geleentheid bied ongekende blootstelling aan student-atlete en die betrokke universiteite word ook aan 'n nasionale gehoor ten toon gestel. Dit het 'n groot verskuiwing binne die tersiêre sportlandskap tot gevolg gehad, veral in die sin dat sport nou 'n sleutelrol begin speel het in die landswye bevordering van 'n universiteitshandelsnaam.


Vanuit 'n besigheidsoogpunt het veral sport aan die Universiteit Stellenbosch betekenisvolle veranderinge ondergaan na die eeu-wisseling. Hierby ingesluit is die samestelling van 'n spesiale taakspan vir sport in 2002 – op aandrang van prof. Julian Smith – destyds Vise-Rektor: Bedryf. Hierdie span het die opdrag gehad om 'n oorkoepelende plan vir sport aan die instelling op te stel, deur gebruik te maak van interne akademiese- en bestuurskundigheid asook eksterne sakevernuf. In 2004 is die Sportplan onthul en het dit gelei tot die stigting van 'n sportmaatskappy, die Stellenbosch Universiteit Sport-prestasie Instituut, in 2006. Die instituut is die taak opgelê om die besigheidsgeleentheid wat op daardie tydstip heersend was te benut. Die verhoogde aantal internasionale atlete, veral uit Europa, wat Stellenbosch as 'n oefenbestemming gebruik gedurende die Suid-Afrikaanse somermaande was een voorbeeld hiervan. Die ontstaan van die instituut het gepaard gegaan met die opgradering van verskeie fasiliteite wat ingesluit het die daarstelling van die eerste sokker-oefenkompleks by Lentelus, in aanloop tot die 2010 FIFA Sokker Wêreldbeker. Hierdie ontwikkelings beklemtoon die belangrikheid van sport as strategiese bate vir die instelling – 'n situasie wat steeds vandag geld.

OP DIE SPEELVELD

Stellenbosch, en spesifiek die Universiteit Stellenbosch, het 'n ryk sporttradisie en geskiedenis. Hierdie geskiedenis kan teruggevoer word na die laat sewentiende eeu. Kort na Stellenbosch in 1679 gestig is, is jaglisensies in 1687 hier toegeken. Jag was natuurlik vir die pot, maar 'n groot element van ontspanning moet ook hierin gelees word. Dieselfde geld vir visvang. Die eerste permit om vis in die Eersterivier te vang is in 1699 uitgereik.

Studente van die Teologiese Kweekskool (sedert 1859), die ou “Arts Department” (sedert 1874), Stellenbosch College (1881-1887), die Victoria Kollege (1887-1918) en die Universiteit Stellenbosch (sedert April 1918) het graag aan sport deelgeneem. Die klem in hierdie hoofstuk gaan meerendeels op die laasgenoemde fase val, aangesien die Universiteit sy eeufees nader.

Volgens Petrus Borchers het hulle as skoolkinders in die laat 1700's en die vroeë 1800's na die Braak gegaan waar hulle hul met vlieër en balspele vermaak het. Dit kan dus aanvaar word dat die studente destyds hierdie terrein as speelplek benut het. Toe die kerk in 1855 op die Braak aanspraak wou maak, is vyf besware deur die dorp se inwoners aangeteken wat hierdie planne in die wiele gery het. Een van die besware was dat “Is deze plein de enigste plaatse alwaar die jeugd zich in onschuldige spelen kunnen vermaken”. Teen 1860 was die Braak al 'n miernes van sportbedrywighede.



Die Braak soos vroeg in die twintigste eeu vanuit twee hoeke gesien.

KRIEKET

Onder die georganiseerde sportsoorte soos ons dit vandag ken, blyk krieket die oudste te wees. Die stadsraad se notules van Februarie 1865 verwys na die “Stellenbosch Cricket Club”. Aangesien dit ’n somersport is, moes hierdie klub dus al einde 1864 bestaan het.

Krieket was aanvanklik by verre die gewildste sportsoort op Stellenbosch en die Kweekskool het ’n baie groot aandeel hierin gehad. Dit was (voor rugby) die spel vir die jonger manne en spanne het dikwels op ander dorpe gaan kragte meet. Volgens SACS was dié groot wedstryd van die jaar die een wat op die Akker gespeel is. Hulle het dan met drie spanne na Stellenbosch gereis en die dag se sport is met ’n waatlemoenfees afgesluit, wat dikwels die grootste trekpleister was.

Danksy die koms van P.H. de Villiers in 1905 het krieket op Stellenbosch ’n vaste koers ingeslaan. Tot en met 1910 is daar geen aanduiding van ’n suiwer studentespan nie en die span het uit lede van die Victoria Kollege tesame met spelers van die dorp en distrik bestaan. Teen 1924/25 was die meeste posisies op die krieketkomitee deur studente gevul, wat ’n aanduiding is dat die gewildheid van dié sport op die kampus toegeneem het. Vanaf daardie seisoen het die universiteitspan baie sterker geword en drie jaar later, in 1927/28, is hulle as Westelike Provinsie Platteland kampioene met die Thurston-beker bekroon. Gedurende die 1930/31-, 1931/32-, 1935/36- en 1940/41-seisoene het hulle weereens daarin geslaag om dié beker te verower.

Dit was net ná die Eerste Wêreldoorlog dat Izak Buys die ster op Matieland was. Hy het vanaf 1921 tot 1925 vir die WP gespeel en toe Frank Mann se MCC-span in 1922/23 hier kom toer het, is hy vir een toets by die Springbokspan ingesluit.

Alhoewel liga-wedstryde tydens die Tweede Wêreldoorlog nie moontlik was nie, het die klub nie ontbind nie en kon wedstryde steeds op ’n vriendskaplike basis voortgaan. Vanaf 1950 het krieket weer stadig in gewildheid toegeneem en was die 1953/54-seisoen beslis ’n keerpunt in die na-oorlogse jare. Een van die groot redes vir die wisseling van getalle onder die aantal studente wat krieket gespeel het, was die afwesigheid van ’n geskikte speelterrein. Na hierdie oorlogsperiode is daar darem ’n nuwe krieketveld met ’n turfblad aangelê, wat beteken het dat die klub nou sy vlerke kon sprei en ook op ’n vriendskaplike basis teen spanne in die Westelike Provinsie kon meeding. Die 1956/57-seisoen was ’n groot hoogtepunt toe die stygende gehalte van krieket op Stellenbosch uiteindelik vrugte afgewerp het. Die eerstespan het slegs een ligawedstryd verloor en boonop in 1957 die S.A. Universiteitskampioenskappe om die O’Brienskind vir die eerste keer gewen. Dit was die eerste keer dat ’n Afrikaanse universiteit hierdie prestasie kon behaal.

In 1960/61 het die eerstespan hom sterk genoeg geag om weer vir die eerste keer sedert 1901 om die Westelike Provinsie se eersteliga-trofee mee te ding. Die wedstryde wat in die jare sedert 1901 teen die Westelike Provinsie ligaspanne gespeel is, het almal op 'n vriendskaplike basis plaasgevind en was meestal teen spanne in die tweedeliga. Die junior spanne het egter al hul wedstryde gedurende hierdie tydperk in die Boland gespeel.

Tydens die 1963/64-seisoen het die Maties se aansoek geslaag om 'n volwaardige terugkeer tot die Westelike Provinsie te maak en al vier hul spanne het daarna in dié provinsie se ligas deelgeneem. Tot en met 1973/74 het die Maties uitstekende prestasies behaal. Hulle het vyf keer die O'Brien-skild verower en in die 1969/70-seisoen geskiedenis gemaak deur vir die eerste keer die Westelike Provinsie se eersteliga te wen (Eddie Barlow was terloops daardie seisoen as afrigter aangestel). Boonop deel die provinsie daardie jaar ook die Curriebeker (tans die Sunfoil-reeks) met Transvaal. Twee Maties, Barlow en Mike Proctor, is in daardie seisoen in die Springbokspan opgeneem, terwyl 'n derde, André Bruyns, as twaalfde man in die toets teen Australië op Nuweland opgetree het.

In 1971/72 het die eerstespan aan drie kompetisies deelgeneem en puik presteer deur al drie te wen. Die 1974/75-seisoen, daarenteen, kan as een van die laagtepunte in die klub se latere geskiedenis beskou word en drie van die vier spanne het laaste in hul onderskeie ligas geëindig. Toe Eddie Barlow in 1975 na Stellenbosch teruggekeer het, het hy nuwe entoesiasme saamgebring en het sake mettertyd sodanig verbeter dat die eerstespan in die 1978/79-seisoen daarin geslaag het om die Markhams-premierliga te wen. Benewens Barlow het die koms van sterre soos onder andere Peter Kirsten, Bossie Clarke, Clive van Niekerk, André Odendaal, Lindsay Reid-Ross, Dawie Malan en Kepler Wessels die verskil gemaak.

Vanaf die 1980/81-seisoen het Matie-krieket weer 'n minder suksesvolle tydperk betree. Barlow het die klub in die volgende seisoen verlaat en daarbenewens het die klub 'n hele aantal senior spelers verloor. In 1992 is besluit dat die Maties weer tydens die 1992/93-seisoen hul terugkeer tot die Boland-liga sou maak (met Bob Woolmer nou as afrigter. Hy is in 1995 deur Omar Henry opgevolg, wat die pos vir ses jaar beklee het). Hierdie besluit het ook saam met die Verenigde Krieketraad van Suid-Afrika se nuwe krieketgrensbepalings geval. In die nuwe geledere het die klub baie beter presteer deur die Boland-beker met hul eerste probeerslag te verower. Gedurende die 1995/96-seisoen het die klub prestasies behaal wat nie maklik geëwenaar sal word nie, naamlik toe al vier klubspanne hul onderskeie ligas gewen het.

Maties het oor die jare verskeie spelers van internasionale gehalte opgelewer. Weens gebrek aan ruimte kan nie aan almal reg geskied nie, maar die volgende vyf kan uitgesonder word. Peter Kirsten het in 1966 sy eerste honderdtal geslaan toe hy net tien jaar oud was. Gevolglik het hy die WP later in eersteklaskrieket verteenwoordig, terwyl hy nog op die skoolbanke by SACS gesit het. Nadat hy sy debuut vir Suid-Afrika in 1992 gemaak het, het hy sy land in 12 toetse verteenwoordig. Hy het dit ook in 40 eendag-internasionale wedstryde vermag. Tydens die 1976/77-seisoen het hy ses honderdtalle in sewe eersterangse kolfbeurte geslaan. Hy het 'n jaar later tot die professionele arena toegetree. Hy het tussen 1982 en 1989 Suid-Afrika in al 19 rebelle-toetse verteenwoordig. In ses van hulle as kaptein. Sy ongeëwenaarde prestasie in eersterangse Suid-Afrikaanse krieket was om drie keer honderdtalle in beide beurte van 'n wedstryd aan te teken, sowel as agt dubbele honderdtalle gedurende sy loopbaan. Sy enigste toetshonderdtal was in 1994, teen Engeland, toe hy op 39-jarige ouderdom aan die einde van sy spelersloopbaan gekom het. Hy was terloops op sy dag ook een van die beste losskakels in die land. Hy het al op 19-jarige ouderdom vir die Kwaggas uitgedraf teen die beroemde 1974-Leeus. Ongelukkig het 'n ernstige kniebesering sy rugbyloopbaan kortgeknip.

Garth le Roux was 'n kragtige snelbouler en kolwer met 26 vyftigtalle op sy kerfstok. Vanweë die internasionale sportboikotte het hy nooit amptelik sy land verteenwoordig nie, maar wel in 15 nie-amptelike toetse gespeel. Hy het ook vir Suid-Afrika in 29 eendag-wedstryde opgetree. Hy het die nasionale Krieketspeler van die Jaar-toekenning in 1978, 1986 én 1987 ontvang. Hy was ook gewerf om saam met groot name soos Eddie Barlow, Mike Procter, Clive Rice en Barry Richards aan die World Series Cricket in Australië te gaan deelneem.

Adrian Kuiper het tussen 1991 en 1996 sy land in een toets en 25 eendag-internasionale wedstryde verteenwoordig. Hy het ook tussen 1981 en 1990 aan vyf nie-amptelike toetse deelgeneem. Hy is as gevolg van sy kragtige kolhoue met Ian Botham vergelyk. Hy het byvoorbeeld by geleentheid (teen die Engelse rebelle-toerspan in 1990) 117 lopies van net 67 balle geslaan. Dit het agt sesse en agt viere ingesluit. Nog 'n beroemde Matie, Daryll Cullinan, het dit as die beste honderdtal beskryf wat hy ooit gesien het.

Eddie Barlow was sedert die 1960's 'n invloedryke speler op die Suid-Afrikaanse toneel. In daardie dekade is hy ook as een van die wêreld se beste veelsydige spelers gereken. Van 1961 tot 1970 het hy sy land in 30 toetse verteenwoordig. "Bunter" was boonop een van die mees geliefde spelers van sy generasie.

Kepler Wessels het weliswaar baie kort vir die Maties gespeel, maar sy internasionale loopbaan is indrukwekkend. Nadat hy Australië in 24 toetse aangevoer het, het hy ook in die post-apartheid era Suid-Afrika se kaptein geword. Laasgenoemde geleentheid was die 1992-Wêreldbeker. Hy het sy land tot 1994 gelei. In totaal het hy 40 toetse en 109 eendag-internasionale wedstryde gespeel. Soos Kirsten het hy vroeg al uitgeblink. Hy het sy eerste honderdtal op negejarige ouderdom behaal. Hy het die Suid-Afrikaanse skolespan drie keer verteenwoordig, die laaste keer as kaptein. Hy het sy eerste eersterangse krieketwedstryd op 16 gespeel en op 18 was hy al 'n professionele speler in Engeland. Hy was op skool ook 'n uitstaande tennis- en rugbyspeler.

Verder het Barry Richards in 1974 vir Denys Hobson as die beste draaibouler in die land beskou. In die meer onlangse verlede was Justin Dill as bouler 'n lid van die Suid-Afrikaanse span wat in 2014 die International Cricket Council (ICC) se Wêreldbeker vir o.19's in Dubai gewen het.

'n Nuutjie is vrouekrieket wat in 1998 sy buiging op Stellenbosch gemaak het. Die opbloeï van die T20-formaat oor die afgelope dekade het ook na universiteitskrieket oorgespoel. Dus is die Varsity Sport T20-kriekettoernooi in 2015 op die been gebring met die gevolg dat universiteitspanne nou die geleentheid het om voor 'n televisiegehoor te speel. Maties was naaswenners van die eerste toernooi.

RUGBY

Voetbal (later rugby) is "teen 1870 al druk gespeel". Dit is bekend dat op 27 April 1875 'n skoolseun die magistraat aangerand het toe laasgenoemde hulle wou verbied om voetbal op die Braak te speel. Die seuns het "soos gewoonlik" voetbal op die Braak gespeel toe 'n polisieman in opdrag van die magistraat die spel wou staak. Toe hulle nie gehoor wou gee nie, het die magistraat self sy verskyning gemaak en een van die seuns 'n paar houe met sy kiere gegee. Hierop het die seun die magistraat aan sy keel gegryp en gewurg totdat 'n paar polisiemanne die amptenaar kom red het.

Dié saak verwys na 'n skoolseun, maar studente moes toé ook al by voetbal betrokke gewees het. Die volgende berig in *The Cape Town Daily News and General Advertiser* van 21 Augustus toon weliswaar die stigting van die "Stellenbosch Foot-ball Club" in 1875:

“New Club praised for taking-on Civil Service team

A foot-ball match will be played, between the Civil Service and Stellenbosch, to-day at Stellenbosch. This being the first match of the kind played we cannot of course give any opinion on it, but, judging from some of the Stellenbosch players we have from time to time come in contact with in other matches, we think we may venture to say that the Civil Service will have to encounter a tough lot. We must also give the Stellenbosch Foot-ball Club every praise for their pluck, by challenging, in their infancy, a Club of so long standing as the Civil Service Club; and, at the same time, wish them every success.”

Die woorde “new club” en “infancy” wil daarop dui dat die “Stellenbosch Foot-ball Club” in daardie seisoen gestig is. Ongelukkig word net die 15 name van die Civil Service-spelers genoem. Dit is ook nie bekend by watter ander wedstryde waarna hier verwys word, die Stellenbosse spelers betrokke was nie.

Dit wil verder voorkom asof die Stellenbosch Football Club nie ’n kortstondige lewensduur gehad het nie – aldus die volgende berig in die *Cape Times* van 6 June 1879:

“Football at Stellenbosch.

On Whit Monday Stellenbosch was the scene of a very interesting football match played between the first fifteens of the Diocesan College and Stellenbosch Football Club. For about an hour after play commenced (10:30 a.m.) the game was most exciting, both sides fighting hard, but neither gaining any advantage. At length, however, the superior training and play of the ‘Dark Blues’ began to tell on their heavier but less active opponents, the ‘Maroon Stripes’, who now visibly began to fall off in play, and for the rest of the game the Dark Blues had it all their own way, eventually gaining a victory by two goals, which were kicked by Messrs Shea [?] and Ebdon [?]. The only drawback to the game was the wretched state of the field, which being the public square of the village [die Braak], was hardly in a proper state to play football on, having no definite boundary line marked, and being, it would seem, the receptacle for broken bottles, stones, etc. It is to be hoped, however, that this will soon be rectified, and that the Stellenbosch Club will soon have a decent field to play their matches on.”

Ten slotte kan saamgevat word dat die spel wat op 21 Augustus 1875 op Stellenbosch se Braak gespeel is, dus al baie na-aan rugby kon gelyk het (rugby het in 1879 sy kleim hier kom afsteek). Die belangrikste feit hier is egter dat die Stellenbosch Voetbalklub in daardie jaar gestig is en dat hulle die maroen strepe op waarskynlik wit truië as kleure gekies het. Dit blyk dieselfde klub te wees wat mettertyd die rugbyreëls aanvaar het en wie se “oudste” spanfoto uit 1880 dateer.



Links is Otto Landsberg se skildery waar Victoria Kollege in 1888 teen Biskoppe op Camp Ground in Rondebosch kragte meet. Regs is ’n 1880-foto van die Stellenbosse span.

Bogenoemde berig sê ook dat die Civil Service Club al lankal bestaan het. Hierdie klub was natuurlik nie 'n voetbalklub nie, maar 'n klub wat in 1861 vir die stadsjapies gestig was om hulle met gesonde vermaak besig te hou. Omdat die Hamilton Rugby Football Club in Maart 1875 gestig is en die Western Province Club op 31 Mei en Villager Rugby Football Club op 2 Junie, albei in 1876, maak dit die Matieklub die tweede oudste in die Kaap.

Toe die kollege in 1918 die status van universiteit aangeneem het, het die sogenaamde Pawiljoenveld al die Vlakeveld as die studente se sportterrein vervang. Hierdie terrein was geleë waar die J.S. Gericke-biblioteek en die Carnegie- en Wilcocks-geboue vandag staan.



Die ou Pawiljoenveld 1929



Coetzenburg 1960's

Met die snel groeiende kampus moes 'n alternatiewe sportterrein gevind word. In 1919 is 'n stuk grond tussen die plase Coetzenburg en Welgevallen aangekoop en dit was die begin van die huidige Coetzenburg-sportterrein. Nadat die laaste rugbywedstryd in September 1930 op die Pawiljoenveld gespeel is, het Coetzenburg die nuwe tuiste geword. Die veld is op 13 Junie die volgende jaar ingewy met Danie Craven wat die eerste drie daarop gedruk het. Die Coetzenburg-rugbyveld is op 31 Maart 1979 vir die Danie Craven-stadion verruil. Die rugbyklubhuis wat sedert 1962 in die Jannie Marais-huis gevestig was, het nou ook hiernatoe verskuif.

In dieselfde tyd is die berugte bergpad uitgelê en menige Matiesportlui sou voortaan hier "marteling" ervaar. Dit was deel van die groot uitbreiding van sportgeriewe wat in 1962 op Coetzenburg plaasgevind het. Die eintlike doel van die pad was 'n opvangkontoer vir die nuwe besproeiingsdam bo in die berg, asook as 'n brandbestrydingspad.



Die Jannie Marais-huis (foto c.1970 voor die huidige restourasie) en die Danie Craven-stadion (foto c.2006).

Dié stadion is na professor Daniël Hartman Craven (1910-1993) vernoem. In meer as drie eeue is die ere-burgerskap van Stellenbosch nog net twee keer toegeken en hierdie eer het “Dok” Craven in 1990 te beurt geval. Hy was inderdaad een van die grootste rugbyfigure in die wêreld. Sedert sy aanstelling in 1947 as die eerste professor in Liggaamlike Opvoedkunde op Stellenbosch, tot en met sy afsterwe in 1993, was hy een van Stellenbosch se bekendste ikone. Nie net het hy die Matiespanne van 1947 tot 1991 afgerig nie, maar was hy ook van 1956 tot 1993 die grootbaas van Suid-Afrikaanse rugby. Dok het politieke normalisering tot ‘n mate vooruit geloop toe hy in 1977 ‘n wedstryd tussen die Maties en Coronations op die ou Coetzenburgveld gereël het. Hy het in daardie jare ook gereeld Matiespelers aan die S.A. Federasiespan geleen en selfs in 1980 ‘n Kleurlingspan in die Cravenweek laat speel. Hulle was weliswaar toe nog nie deel van die formele struktuur nie, dit het eers in die daaropvolgende jaar geskied. Toe hy in 1987 die eerste ten volle geïntegreerde rugbysaamtrek vir hoërskole op Stellenbosch gehou het, het hy gesê dat hulle besig was om ‘n nuwe Suid-Afrika op die rugbyveld te bou. Alhoewel hierdie verwikkelinge verskillende reaksies binne die breë politieke spektrum uitgelok het, was dit wel ‘n aanduiding van ‘n veranderende sportlandskap binne Suid-Afrika.

Na hertoetreding tot internasionale sport was die Craven-stadion terloops gasheer vir onder andere die Australië/Roemenië-wedstryd tydens die 1995-Wêreldbeker, die Wêreldlandlooptoernooi in 1996, die Luciano Pavarotti-konsert in 1996 en die Winfield Sewestoernooie.

Sedert die instelling van die Groot Uitdaagbeker in 1883, het die Maties hierdie trofee sedert die Tweede Wêreldoorlog in ‘n groot mate gedomineer. In die Nasionale Klubkampioenskappe, wat vanaf 1975 tot 2006 gehou was, het Maties 11 keer koning gekraai – al het hulle altesame ses keer nie daaraan deelgeneem nie. Toe die Varsitybeker hierdie kompetisie in 2008 vervang het, het Maties dit die eerste drie jaar agtereenvolgens gewen. Tot en met die 2015 Wêreldbeker het die Universiteit ook 176 rugby-Springbokke in die vyftienmankode opgelewer.

Al hierdie prestasies word tot ‘n groot mate moontlik gemaak deur ‘n sterk ondersteuningsbasis in die vorm van koshuisrugby. Laasgenoemde het in 1949 uit ‘n “reddingsaksie” ontstaan. Maties het die Westelike Provinsie se Groot Uitdaagbeker laas in 1937 gewen en dit was Craven se onmiddellike doelwit na sy aanstelling by die Universiteit om die rugbyklub weer mededingend te kry. Deur ‘n koshuisliga in te stel wou hy die spelerbasis verbreed en die manne in die laer spanne meer motivering gee. Ongelukkig was die mededingendheid so kwaai dat die liga na twee jaar gestaak is. Die gedagte het eers weer in 1955 herleef en sedert 1956 van krag tot krag gegaan. In 1966 het koshuise die status van klubs ontvang en daar is tans meer as 40 spanne in hierdie kompetisie. Alhoewel daar vyf ligas is, is die kompetisie om die Sauerbeker in die eerste liga die juweel. Craven was bekend vir sy geloof dat wanneer die Maties sterk was, die WP en Suid-Afrika sterk sou wees. Net soos in 1906 het daar in 1965 elf Maties en oud-Maties vir die Springbokke gespeel.

Nog ‘n unieke gebeurtenis het in 1985 plaasgevind: ‘n Matie-Springbokspan is gekies om na Suidwes-Afrika (vandag Namibië) en Johannesburg op toer te gaan. Sover vasgestel kon word, kon geen klub in die hele wêreld nog ooit só iets vermag nie. Dok Craven se gedagte was om hiermee erkenning te gee aan die Maties wat sedert die klub se eeufeesjaar [*sic*] as Springbokke verkies is. Hierdie toerspan het bestaan uit Colin Beck, Michael du Plessis, Robbie Blair, Shaun Povey, Flippie van der Merwe, Schalk Burger (slot), Carel du Plessis, Darius Botha, Divan Serfontein, Hempies du Toit, Attie Strauss (onttrek), Hennie Bekker, Roy McCallum, Willie du Plessis, Hermanus Potgieter, Henning van Aswegen, Kulu Ferreira, Pieter Veldsman (onttrek), Rob Louw (onttrek), Schalk Burger (flank en plaasvervanger) en Gawie Visagie. Die

bestuurders was Boland Coetzee en Dawie Snyman en die hele onderneming was deur Teljoy geborg. Colin Beck en Willie du Plessis het hiervoor 'n tydelike terugkeer tot groot rugby gemaak. Beck het laas in 1983 gespeel en Willie het in 1982 uitgetree. Twee wedstryde is gespeel. Die eerste was op 9 Maart 1985 teen 'n SWA Uitnodiging XV in Windhoek en die tweede, op 12 Maart, teen Theuns Stofberg se Teljoy XV op Ellispark in Johannesburg. Die Maties het die eerste een verloor en die tweede gewen.

Wat sewes-rugby betref het Maties sedert 1995 al meer as 30 Springbokke opgelewer waarvan vyf van hulle kaptein van die span was. In vroue-rugby het die Maties tot en met 2015 nege Springbokke gelewer asook twee Sewes-Springbokke. Maties het ook die 2016 Varsitysewes toernooi gewen. Wat die 15-man Varsitybeker betref het Maties weer onlangs sterk vertoon as naaswenners in beide 2016 en 2017.

TENNIS

Nog 'n ou gevestigde sportsoort is tennis, want dit is bekend dat die Rynse Instituut al in 1882 oor 'n tennisbaan beskik het. Studente het tennis agter die Kweekskool sowel as by koshuise soos Eikenhof, Tertia en andere gespeel en later was daar ook drie bane op die Braak. Pas ná die stigting van die Stellenbosch College Athletic Club in 1884 is tennis by krieket en rugby gevoeg. Andrew Rowan was Maties se eerste nasionale ope-enkelspelkampioen (1907) en Springbok. Die eerste vroue-Springbok was Mary van Zyl (Miller) wat in die jare 1929-1939 uitgeblink het.

Die instellingsdatum vir die Irvingbeker vir 'n interkollege-kompetisie dui op 1909 en Stellenbosch het meer as sy man teen Kaapstad gestaan. Nadat die Maties ook die Thurstonbeker vyf keer gewen het, is hulle by die laaste geleentheid (1929/30) tot die seniorliga bevorder. Spelers uit die omliggende distrikte het ook aangename herinneringe soos byvoorbeeld die jaarlikse gemengde tennistoernooi wat prof. C. Edgar in 1921 vir die eerste keer georganiseer het. Vanaf 'n 300-tal inskrywings het die getal tot 'n rekord van 500 gestyg.

In 1932 is 'n nuwe stelsel vir die kompetisie om die Groot Uitdaagbeker ontwikkel, wat dit vir die Maties moontlik gemaak het om vanaf 1933 daaraan deel te neem. Tydens die oorlogsjare het die klub 'n kwynende bestaan gevoer vanweë 'n balskaarste, maar na die oorlog is die spel weer met nuwe ywer beoefen.

Soos dit maar gaan wanneer belowende spelers kom en gaan, het die tennisklub ook 'n wipplankbestaan gevoer. Danksy nuwe manlike spelerstalent is die klub einde 1959 vir die eerste keer in 12 jaar weer tot die Westelike Provinsie se eerste liga toegelaat. Dit het ook meegebring dat die Maties die Ikeys in 1960 vir die eerste keer in soveel jare in 'n Intervarsity kon klop. 'n Interkoshuisliga vir vroue is ook daardie jaar met groot sukses aangepak.

In 1963 het die vroue vir die eerste keer die dienste van 'n professionele afrigter bekom – in die persoon van Leon Norgarb. Hy is die volgende jaar deur Jaroslav Houba opgevolg. Met sy permanente aanstelling in 1966 was Stellenbosch die ander universiteite een voor. In 1967 is verslag gedoen dat tennis op die Akker nou sterk op die voorgrond getree het. Alles te danke aan Houba se afrigting.

Die tennisklub het in só 'n mate van krag tot krag gegaan dat hulle in 1970 nie net die inter-universitêre toernooi weereens gewen het nie, maar ook die WP se eerste mansliga s nder die dienste van die klub se ses beste spelers! Laasgenoemde was by die Wimbledon-toernooi betrokke. Die klub het in daardie dekade met spelers soos onder andere Alison Madden, Melanie Muller, Andr  van der Merwe, Kwassie van der Merwe, Daphne Botha, Andy Pattison en Greta Delpont koning gekraai. Laasgenoemde het haar Springbokkleure al in 1967 verwerf.

Toe die vroue in 1978 die SAU-kampioenskap vir die 15de jaar agtereenvolgens gewen het, was dit 'n groot afskeidsgeskenk vir Houba wat die klub na 13 jaar verlaat het. Die mans het ook daardie jaar die WP-liga vir die negende keer sedert 1967 gewen. 'n Prestasie waarop hulle 'n jaar later verbeter het. Nadat die vroue dit ses keer in 'n ry gewen het, het hulle in 1978 tweede geëindig. Philip Söderland het daarna by Houba oorgeneem.

Enkele hoogtepunte gedurende die 1980's sluit in Schalk van der Merwe wie in 1980 as die wêreld se juniorkampioen gekroon is. Op 5 Maart 1983 is 'n nuwe tennisklubhuis en onderdakbaan ook geopen. Hierdie binnenshuise baan was die enigste in die Wes-Kaap. Twee jaar later was die klub gelukkig om die dienste van Gerrie Berner te bekom. In 1995 het Danny Sullivan vir Berner en Handri Westman opgevolg.

In die nuwe millenium het die Maties by die universiteite-toernooie redelik konstant vertoon. Coetzenburg was ook gedurende die tydperk 2002 tot 2015 die tuiste van 'n tennisakademie wat onder andere die dienste van Pietie Norval – silwer-medalje wenner in die mans dubbelspel by die 1992 Olimpiese Spele in Barcelona – ingesluit het. Verskeie Maties tennisspelers het hierby baatgevind aangesien die akademie vir die afrigting van die Matie-klub verantwoordelik was.

ATLETIEK

In die 19de eeu was atletiekbyeenkomste “Sports” genoem en het dit elemente van boeresport bevat. Hierdie vermaak het met feesdae soos Nuwejaar, die koning(in) se verjaarsdag, Pinkstermaandag, Kersfees, Tweede Kersdag en ander spesiale geleenthede saamgeval.

Die stigting van die Stellenbosch College Athletic Club ('n kollege-klub vir sport en nie net vir atletiek nie) in September 1884, was 'n logiese uitvloeisel van georganiseerde sport onder die studente. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die eerste georganiseerde atletiekbyeenkoms op 21 Maart 1885 op die Braak plaasgevind het. Die program het nommers soos stelskop, skepskop, krieketbalgooi, 200-treewedloop seuns o/15, verspring, 100-treewedloop, gewigstoot, eenmyl fietsry (met “Penny-farthings”), 120-treehekkies, hoogspring, hekkies vir seuns, toutrek, mylwedloop, driebeenresies en die kwartmyl ingesluit.

Sport op die Braak het sy kwota probleme vir, onder andere, die omliggende sakelui gelewer, met die gevolg dat die jeug in 1886 versoek was om die Vlakte as speelterrein te gebruik. Krieket en rugby is derhalwe soontoe verskuif terwyl atletiek 'n ander heenkome gevind het. Van 1886 tot 1897 is die byeenkomste toe op Charlesplein (voor die Kweekskool) en in die Laan aangebied. Sedert 1898 het die atlete ook van die Pawiljoenveld gebruik gemaak totdat hulle in 1932 Coetzenburg as tuiste aangeneem het.

Tot voor 1926 was atletiek op Stellenbosch grotendeels beperk tot die jaarlikse sportdag. Die akademiese jaar het in Maart begin en rugby-oefeninge in April. Laasgenoemde het dan tot September of selfs Oktober voortgeduur, sodat atletiek maar altyd afgeskeep was. Sedert die stigting van die inter-universitêre atletiekkompetisie in 1921 en met die eerste besoek van die Oxford-atlete in 1923, het dié sport in Suid-Afrika egter met rasse skrede vooruitgegaan. Die “sports” het nou 'n volwaardige sport geword.

Die oplewing sedert 1926 is toe te skryf aan die koms van 'n paar uitstaande atlete. Prestasies deur mense soos die Pienaar-broers (JJ en Danie), Snaar Viljoen, H.L. Gonin, Jan Stegmann, ensovoorts is opgevolg deur die Danie Joubert-era en hy het op sy beurt weer die Lückhoff-tweeling (Anton en Johann) geïnspireer om aan atletiek deel te neem. In Matie-atletiek was daar terloops talle broers wat diep spore getrap het, soos onder andere die Stegmanns, Pienaars, Lückhoffs en Potgieters om net 'n paar te noem.

Maties se eerste Olimpiese atleet was Attie van Heerden. Hy het sy land in 1920 in Antwerpen in die 400 meter-hekkies verteenwoordig. Hy het die jaar daarna ook Springbokkleure in rugby verwerf. Hy is in 1928 opgevolg deur een van die grootste en kleurrykste figure in Suid-Afrikaanse atletiek, naamlik Snaar Viljoen. In Amsterdam het hy aan die Olimpiese 100 meter, 110 meter-hekkies, verspring, driesprong én tienkamp deelgeneem! Hy was ook in 1930 op die eerste Britse Rykspele die goue en bronsmedaljewenner in die hoogspring en verspring onderskeidelik. By die tweede Spele het hy in die finaal van die 100 tree-hekkies geval en homself sodanig beseer dat hy uit die res van die kompetisie (verspring en hoogspring) moes onttrek.

Wanneer die geskiedenis van Matie-atletiek ter sprake kom, troon die naam van Danie Joubert uit. In 1931 het hy in Grahamstad tydens 'n Dalrymple-byeenkoms die wêreldrekord in die 100 tree vir die tweede keer daardie jaar geëwenaar. Hy het weliswaar ook die rekord in Grahamstad verbeter, maar dit is weens die laksheid van die beamptes nie erken nie. Eers 15 jaar later is die fout ontdek en is die rekord op die boeke geplaas. Hierdie vertonings het hom 'n groot gunsteling by die volgende jaar se Olimpiese Spele gemaak en nog nooit tevore het 'n atleet in ons land soveel publisiteit geniet nie. In Los Angeles het hy in die finaal, ná 'n swak wegspring weens 'n sanderige kol in die baanoppervlak, egter net in die vyfde plek kon klaarmaak. Kort ná die Spele het hy die silwermedaljewenner in 'n wedloop geklop. Joubert se rekords het lank bly staan totdat dit in 1967 deur Paul Nash vir die eerste keer oortref is.



Danie Joubert in aksie.



Div Lamprecht maak opslae.

Die atlete het met die “sottesports” (Nuwelinge-byeenkoms) van 1932 hul intrek op die nuwe baan rondom die rugbyveld op Coetzenburg geneem. Dié baan het verskeie gedaanteverwisselings ondergaan, waarvan die grootste die aanbou van 'n kunsbaan in 1974 was. Dit is egter insiggewend dat Maties se goue dekade in atletiek hierdie kunsbaan voorafgegaan het. Hierdie roemryke tydperk is deur De Villiers Lamprecht se kaalvoetdroommyl in 1964 ingelui. Hy was die eerste atleet ter wêreld wat die droommyl kaalvoet kon aflê (kyk foto bo). Hy het daarna nóg vyf droommyle vermag. Verskeie faktore was vir hierdie era se glans verantwoordelik, soos onder andere die dienste van Ivor Potgieter as klubafripter, die suksesvolle koshuiskompetisie en die feit dat die klub se sukses al hoe meer sterre na

Matieland gelok het. So byvoorbeeld is die leemte wat die verlies van Div Lamprecht meegebring het, met die koms van die briljante Dicky Broberg en Danie Malan gevul.

In die agt jaar wat “Oom Ivor” die studente afgerig het, het die mans die Dalrymple-beker ses keer gewen, nl. in 1967-1970, 1972 en 1974. Hy het ongelukkig Stellenbosch in 1974 verlaat en daarna kon die Maties nie gou weer die beker wen nie. Die vroue het self in hierdie era die Roger Dyason-skild drie keer (1967-1969) verower. Ivor Potgieter was ook vir die uiters gewilde “eenuurbyeenkomste” verantwoordelik. Dit was op een van hierdie byeenkomste waar Broberg en Malan in 1971 die wêreld aan die brand gehardloop het. Hul tyd van 1:44,7 en 1:45,1 onderskeidelik vir die 800 meter het hulle vierde en sesde op die wêreldranglys geplaas. Hierdie baanrekord van Broberg, wat net 0,4 sekondes buite die wêreldrekord was, is terloops eers 25 jaar later deur Marius van Heerden met ’n tyd van 1:44,52 oortref. Broberg het in 1972 die Helmstrofee vir sy prestasie ontvang.

’n Jaar later, in 1973, het Danie Malan die wêreldrekord vir die 1000 meter in München oortref en nóg twee jaar later, in 1975, het John van Reenen die wêreld-diskusrekord op Coetzenburg verbeter met ’n afstand van 68,48 meter. Dit het aan hom die Staatspresident-toekenning besorg.

Hierdie jaar het min of meer die “goue era” afgesluit, maar Stellenbosch het steeds ’n gesogte plek vir atletiekprestasies gebly. Soos byvoorbeeld toe Zola Budd in 1984 hiernatoe gekom het om die wêreldrekord in die 5000 meter kaalvoet met 6,43 sekondes te verbeter! ’n Nuwe era het aangebreek toe “Oom Ivor” deur “Oom Mossie” opgevolg is. Met Wium Mostert aan die stuur het die klub steeds voortreflike prestasies bly lewer.

Onder die enkele ander uitstaande atlete tel Aneen de Jager wat gereken was as Maties se grootste vroue-atleet oor die eerste 100 jaar. Verder het Joep Loots herhaaldelik die nasionale rekord in die tienkamp verbeter en was Andries Krogmann ook ’n groot faktor in die Matiekrag van die 1970’s. Emile Rossouw het as skolier, maar as lid van die klub, die eerste Suid-Afrikaner geword het om sewe voet (2,13 meter) hoog te spring. Kobus Swart het ook voor die Statebondspele van Cardiff (1958) in Keulen (Duitsland) die eerste Suid-Afrikaner geword het om die 110 meter-hekkies onder 14 sekondes af te lê. Oor die eerste 100 jaar van die klub se geskiedenis het 26 lede hul nasionale kleure verdien terwyl hulle studeer het en 19 óf voor óf na hulle studeer het. Kyk na *Honderd jaar Matie-atletiek 1885-1985* (1984) vir hul prestasies.

Sterre in die post-apartheid era sluit in mense soos Elana Meyer wat die Olimpiese silwermedalje in die 10 000 meter in 1992 in Barcelona gewen het. Sy het dieselfde prestasie ook in 1994 in die Statebondspele herhaal en silwer in die 5000 meter op die Pan-Afrika Spele gewen. Daarbenewens tel goud in die Afrika-kampioenskappe in die 1500 meter (1992 én 1993) en goud en silwer in die IAAF se wêreldhalfmarathon-kampioenskappe in 1994 en 1998 onderskeidelik. In laasgenoemde nommer het sy in 1991 en van 1997 tot 1999 wêreldrekords opgestel.



Okkert Brits is nog 'n voorbeeld. Hy het sy beste hoogte in paalspring in 1995 met 'n hoogte van 6,03 meter behaal. Dit is tans steeds 'n Afrika-rekord. So ook sy binnenshuise rekord van 5,90 meter. Brits het ook in 1996, 2000 en 2004 aan die Olimpiese Spele deelgeneem waar sy beste prestasie 'n sewende plek in Sydney (2000) was. Sy ander prestasies was 'n silwermedalje by die 2003-wêreldkampioenskappe, 'n brons by die wêreld-binnenshuise kampioenskappe (1995), goud by die 2002-Statebondspele, twee goue medaljes by die Pan-Afrika Spele en vier goue medaljes by die Afrika-kampioenskappe.

Nog 'n Afrika-rekordhouer is Janus Robberts. Sy afstand van 21,97 meter in die gewigstoot is tot op datum nog nie oortref nie. Hy het dit in 2001 in Eugene (VSA) behaal. Robberts is ook nog die Afrika-binnenshuise rekordhouer met 'n afstand van 21,47 meter. Hy het ook in 2000 en in 2004 aan die Olimpiese Spele deelgeneem, maar kon net in Sydney 'n sewende plek behaal. Onder sy ander lang lys prestasies tel goue medaljes in gewigstoot én diskusgooi by die Afrika-juniorkampioenskappe (1997), 'n herhaling hiervan in 2002 by die Afrika-kampioenskappe vir seniors, 'n goue medalje in gewigstoot in die 2004-Afrika-kampioenskappe en goud by die Statebondspele van Melbourne in 2006.

Nog 'n Olimpiese deelnemer was Janice Josephs wat in 2004 'n 19de plek in die verspring behaal het. In die Statebondspele twee jaar later het sy vyfde geëindig. Onder die ander top prestasies op haar lys tel goud by die Afrika-kampioenskappe in 2002 toe sy deel was van die Suid-Afrikaanse 4x100 meter-aflosspan, goud in die sewekamp by die 2006-Afrika-kampioenskappe, goud in verspring by die 2007-Pan-Afrika Spele, asook by die 2008-Afrika-kampioenskappe.

Wilhelm van der Vyver was in 2006 beskou as die nommereen-junioratleet in die 200 meter ter wêreld. Hy kon as o.17-atleet al spog met naellooptye van 10,36 en 20,60 in die 100 en 200 meter onderskeidelik. Verder het hy by die 2008-junior-wêreldkampioenskappe 'n silwer- in die 100 meter en 'n bronsmedalje in die 4x100 meter-aflos ontvang.

Ter de Villiers was nog op skool toe hy in Julie 2000 gekies was om aan die senior Afrika-Spele in Algiers te gaan deelneem. Dit was sy eerste internasionale deelname en hy het sesde in die 400-meter-hekkies geëindig. 'n Maand later was hy die junior Statebondskampioen in dieselfde nommer en lid van die 4x400-meter-aflosspan wat 'n wêreldrekordtyd gehardloop het. In Oktober daardie jaar het hy ook 'n silwermedalje op die junior-wêreldkampioenskappe verower. Ter het verdere nasionale kleure verdien met sy deelname aan die 2006-Statebondspele in Melbourne, die Afrika-kampioenskappe, die Pan-Afrika Spele en twee wêreldkampioenskappe (2005 en 2007). Die hoogtepunt van sy loopbaan was sy deelname aan die 400-meter-hekkies by die Olimpiese Spele in Beijing (2008). Beide sy ouers, Thea Kitshoff (wat op 16 jaar al 'n Springbokatleet was) en sy pa, Pieter, wat vir die WP in 400-meterhekkieslope uitgeblink het, is oud-Maties.

Robert Oosthuizen het Suid-Afrika in spiesgooi op die Olimpiese Spele in Beijing (2008) verteenwoordig en was ook 'n junior-wêreldkampioen. Sy pa, Johan, was op sy dag ook 'n Matie-spiesgooikampioen.

Victor Hogan kan ook spog met 'n persoonlike beste afstand van 65,33 meter in die diskusgooi. Hy het in 2011 'n silwermedalje in die Pan-Afrika Spele behaal en twee eerste plekke (2012 en 2014) en een derde plek (2010) in die Afrika-kampioenskappe. Dan was Luvo Manyonga in 2010 die wenner van die IAAF se junior-wêreldkampioenskapstitel in verspring. Shaun de Jager het in 2012 aan die Olimpiese 4x400 meter-aflos deelgeneem.

In 2015 het Justine Palframan die eerste Suid-Afrikaanse vroue-atleet geword om die goue medalje in die 400 meter op die Wêreldstudente Spele te kon verower. Meer onlangs het Matie-atlete vier medaljes gedurende die 2016 Afrika-kampioenskappe in Durban ingepalm. Hulle was Palframan (goud as deel van 4x400 meter vroue-aflosspan), Hogan (goud in die diskus vir mans), Keagan Fourie (silwer in die hoogspring vir mans) en Shaun de Jager (brons as deel van 4x400 meter mans-aflosspan).

HOKKIE

'n Ongeverifieerde sekondêre bron beweer dat hokkie deur mans al so vroeg as 1898 op Schoongezicht-plaas gespeel is. Die Stellenbosch Hockey Club het egter sy bestaan op Paasmaandag 1901 gehad. Dit was weliswaar nie-studente, maar etlike Kollege-personeel het die getalle aangevul. Dit was juis hulle wat die spel op die dorp verstewig het en reeds in 1904 het Stellenbosch al die eerste liga gewen. In hierdie liga, die Senior Championship gedoop, was daar om die Ohlssonbeker meegeding.

Toe die Kaapstadse klubs tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1919) tydelik ontbind het, het die Stellenbosse klub danksy vriendskaplike wedstryde teen spanne van die platteland bly voortbestaan. Met die amptelike opening van die nuutgestigte Universiteit in 1918, het talle oudstudente na Stellenbosch gestroom om in rugby- en hokkiewedstryde teen huidige studente betrokke te raak. Gemengde spanne, bestaande uit mans en vroue, het ook teen mekaar gespeel.

In dieselfde jaar, op 1 Junie, het 'n intervarsity met Ikeys vir die eerste keer plaasgevind. Dit was nog op die ou Vlakteveld gehou (waar die Bosboudepartement vandag geleë is). Dit was terloops die heel eerste intervarsity wat in Suid-Afrika plaasgevind het.

Die geskiedenis van die universiteit se vrouehokkie strek vanaf 1903, die jaar waarin die klub gestig is, tot 1992, die jaar waarin die mans- en vrouehokkieklubs saamgesmelt het om een nuwe klub, die US Hokkieklub, te vorm. Hierdie klub is tans die grootste op die kampus en spog met 10 spanne (vyf vrouespanne en vyf mansspanne) sowel as meer as 45 koshuisspanne.

Nie baie mense is bewus daarvan dat 'n dameshokkieklub al in die vroeë 1900's op Stellenbosch bestaan het nie, maar die sport is nietemin met entoesiasme deur 'n handjievol vroue beoefen. In die beginjare het Maties slegs een span gehad en boonop ook gesukkel om 'n gereelde afripter te kry. Aangesien hokkie by die plaaslike meisieskole afgekeur is omdat dit as 'n onvroulike sport bestempel is, was daar min meisies wat werklik hokkie kon speel. Daar was ook 'n tekort aan velde en daarom moes die dames die mans se veld gebruik wanneer dit beskikbaar was.

Die eerste speelterrein vir mans en dames was 'n ou krieketveld wat vanaf 1886 deur sowel die krieket-, rugby- én hokkiespelers op die sogenaamde Vlakteveld gebruik is. Hierdie veld was vir 25 jaar die enigste hokkieveld op Stellenbosch. Later, tussen 1910 en 1920, is 'n ou voetbalveld (waar die J.S. Gericke biblioteek tans is) in 'n hokkieveld vir die vroue omskep. In 1928 is 'n nuwe veld bokant Dagbreek-koshuis aangelê. Dit het in 'n jarelange behoefte voldoen en was gevolglik 'n hoogtepunt in die klub se geskiedenis. Nadat die manshokkieklub hierdie nuwe veld bekom het, is 'n veld vir die vroue eers sewe jaar later (in 1935) langs daardie veld aangelê. Spelergetalle het sodanig gegroei dat in 1938 'n derde veld geskep is en drie jaar later 'n vierde een.

In 1960 het twee van die velde in die slag gebly omdat dit vir Eendrag-koshuis moes plek maak. Twee jaar later is toe besluit om drie grasvelde en twee gruisvelde op die Coetzenburg-sportterrein aan te lê. 'n Jaar later is die klubhuis ook voltooi. In 1967 het die mans- en vrouehokkieklubs gesamentlik agt velde gehad, waarvan die vroue vyf gebruik het. Die gruisvelde is in 1978 met grasvelde vervang. Teen 1988 het die vrouehokkieklub sewe

grasvelde gehad, waarvan twee met spreiligte, asook 'n binnenshuise baan in die D.F. Malan Gedenksentrum (vandag bekend as die Coetzenburgsentrum). Danksy die volgehoue ywer van me. Jackie Wiese wat sedert 1980, met onder andere hokkiekampe, die nodige fondse ingesamel het, het groot opwinding in April 1995 en Maart 2006 geheers toe die sand- en waterbasiskunsbane onderskeidelik ingewy is.

Vanweë 'n gebrek aan velde en swak organisasie in die vroeë jare het daar aanvanklik 'n negatiewe atmosfeer onder die vroue geheers. Omstandighede het egter verbeter sodat die klub in 1965 al 250 lede gehad het, wat dit daardie jaar die grootste hokkieklub in die land gemaak het. Moeite is gedoen om spelers se vaardighede te verbeter deur verskeie beginnerskursusse en klinieke aan te bied en ook buiteafrigters soos mej. Marjorie Cadell van Engeland en die Duitse klubafripter, Erenst Willig, wat waardevolle bydraes gelewer het. Benewens hulle was daar oor die jare heen Matie-afrigters wat vermelding verdien, soos Beatrice Wiid, Margie Lightbody, David Reid-Ross, Sherylle Calder en Jenny King. Al die harde werk is beloon met die Maties (vroue) wat sedert 1983 veertien keer die nasionale klubkampioene was.

“Interkoshuishokkie” vir mans strek sover terug as die Eerste Wêreldoorlog. Spanne soos die Gegradueerdes, Teoloë, Senior BA's en die Intermediates het in hierdie moeilike jare hokkie op Stellenbosch lewendig gehou. Ná die oorlog was daar 'n kompetisie vir gemengde spanne uit die koshuise. Die huidige koshuishokkieliga vir mans het in 1964 afgeskop. Die verkryging van nuwe speelvelde by Coetzenburg in 1962 het 'n bepalende rol hierin gespeel. Die koshuisliga vir vrouehokkie het in die vroeë 1950's begin deurdat Maties se vierde tot sesde spanne as 'n proefneming in die WP se tweede liga ingeskryf is.

Die mans het vanaf 1947 aan die eerste amptelike universiteitstoernooi deelgeneem. Jan Kelder, Matie-dosent in Liggaamlike Opvoedkunde en klubafripter, was vir die inisiatief verantwoordelik. Kelder was terloops vir 44 jaar by die klub betrokke en gewis een van die belangrikste ontwikkelaars van dié sport op Stellenbosch. Dit was eers in die jare 1978-1980 dat Maties dié toernooi drie jaar agtereenvolgens kon wen en in 1984 en 1990 weer so kon maak. Die jaar 1979 sal egter in die annale uitstaan as die mans se beste jaar. Hulle het na 51 jaar nie net die Groot Uitdaagliga gewen nie (agt punte voor die naasweners), maar ook die S.A. Universiteitstoernooi én die nasionale klubtoernooi.

Die vroue het vanaf 1948 aan die interuniversitêre toernooie begin deelneem, wat ook tot gevolg gehad dat die SAU-hokkievereniging vir vroue in 1949 gestig is. Na afloop van elke toernooi is 'n gekombineerde SAU-span (Proteas genoem) gekies wat uit die beste spelers van die deelnemende universiteite bestaan het. Die vroue het sedertdien botoon gevoer in hierdie universiteite-kompetisie.

Maties se vroue het verskeie nasionale spelers in veldhokkie opgelewer. Dit het in 1959 begin toe Shirley Grace (du Toit) die Maties se eerste hokkie-Springbok geword het. In die post-apartheid era het die klub tot en met 2015 al 29 nasionale spelers opgelewer waarvan 20 hul land by die Olimpiese Spele verteenwoordig het. Kate Hector (Woods) het oor 'n periode van tien jaar vir Suid-Afrika uitgedraf, terwyl spelers soos Megan Dobson, Taryn Hosking (Rose-Innes), Lenise Marais, Mariëtte Rix en Kathleen Taylor dit vir agt jaar vermag het. Sherylle Calder hou egter steeds die rekord met 11 jaar.

Sedert 1962, toe Stephen Kossuth sy Springbokkleure vir die eerste keer verdien het, was die oes aan nasionale mansspelers maar dun gesaai. Dit het sedert 1975 verander toe die Matiemans die kern van die Westelike Provinsie spanne gevorm het. Spelers wat uitgestaan het was David Reid-Ross, Lindsay Reid-Ross, Cari Rose-Innes, Leith Stewart, Johan Smuts, Kelly Fairweather, C. Bassingthwaighte. Stewart het later die Maties se eerste Springbokkaptein geword (11 toetse waarvan 8 as kaptein) en David Reid-Ross, ook met 11 toetse, is as een van

die wêreld se beste doelwagters beskou. Benewens hulle was Stephen Kossuth, Lindsay Reid-Ross en Piet van Blerk ook Springbokke. Vier van hulle het dieselfde kleure in saalhokkie verdien. In die post-apartheid era het 17 spelers nasionale kleure verdien, waarvan Eric Rose-Innes (Cari en Rennie se seun) sy land by die Olimpiese Spele van 2008 verteenwoordig het.

Die gebrek aan gereelde afrigters was van meet af aan 'n probleem. Dit was eers vanaf 1972 dat die klub hul eerste voltydse afrigter bekom het – in die persoon van Cari Rose-Innes. Hy het die klub eers einde 1979, ná 'n dienstydpark van 15 jaar as speler, kaptein en afrigter, verlaat.

Tydens 'n oorsese toer in 1972/73 het die Maties in Wes-Duitsland met binnenshuise hokkie (saalhokkie) kennis gemaak en met hul terugkeer voorbrand daarvoor gedoen sodat dié sport in 1976 op Stellenbosch posgevat en die eerste interprovinsiale toernooi in 1981 in Kaapstad aangebied is. Die mansspan het in 1977 die eerste nasionale klubkampioen geword. Hulle het dit inderdaad drie keer in die eerste vier jaar reggekry. In 1988 het die eerste SAU binnenshuise hokkietoernooi in Bloemfontein plaasgevind en Maties se vrouespan was die trotse weners van dié toernooi.

Matie-vroue het die veldhokkie klubkampioenskappe tussen 1983 en 2007 in totaal 14 keer gewen en die mans een keer (in 1979). Westelike Provinsie ligatitels is ook volop met die vroue wat al meer as 30 titels sedert 1973 ingepalm het! Die klub het ook oor die afgelope dekade vele internasionale toernooie en toetsreekse aangebied by die Coetzenburg hokkiekompleks. Die jaarlikse hokkiekamp vir skole bly 'n verdere hoogtepunt.

SWEM

Met die aanbou van die eerste swembad, op die Pawiljoenveld skuins agter die seunsskool, het die swemklub in 1926 sy ontstaan gehad. Toe die swembad op Coetzenburg op 14 Junie 1940 ingewy is, het die swemmers daarheen verskuif. Met die herbouing van die huidige Departement Sportwetenskap, is daar sedert 1980 ook 'n binnenshuise verhitte swembad. Die huidige Olimpiese grootte buite-swembad is in Desember 2013 in gebruik geneem en vroeg die volgende jaar amptelik ingewy.



Links op die agtergrond kan die swembad op die Pawiljoenveld gesien word en regs is die duiktoring van die ou Coetzenburg-swembad.



Die nuwe Olimpiese bad met die Maties Gimnasium in die agtergrond.

'n Koshuisswemliga is in 1962 van stapel gestuur en het sedertdien vir groot opwinding gesorg. In die 1970's het verskeie Maties en toekomstige Maties hul Springbokkleure verdien – meestal in toetse teen die destydse Rhodesië (vandag Zimbabwe). Onder hulle tel onder andere Charlé Meyer, Didi van der Walt, Pietie Horn, Tabu Stegmann, Aletta Vos, Gregg Carswell en Allan Furniss. In 1984 het Herman Nienaber ook sy land in die toetsreeks teen die besoekende Amerikaanse span verteenwoordig en in 1992 het Pierre de Roubaix sý kleure ontvang.

Die mees uitstaande Matie-prestasie is sonder twyfel Marianne Kriel se bronsmedalje in die 100 meter-rugslag by die Olimpiese Spele van 1996 in Atlanta (VSA). Sy het ook voor dit aan die 1992-Spele in Barcelona deelgeneem en was die eerste vroue-kaptein van 'n multi-kode swemspan na die 1994-Statebondspele en die 1995-Pan-Afrika Spele. Vir haar prestasies het sy die Presidentstoekening in 1993 sowel as 1996 ontvang.



Marianne ontvang haar Olimpiese bronsmedalje en regs vier Heerden Herman neen van sy talle oorwinnings.

Nog 'n swemmer wat vermelding verdien is Hendrik Odendaal. Op die Statebondspele van 2002 het hy en Roland Schoeman, Lyndon Ferns en Ryk Neethling die silwermedalje in die 4x100 meter vryslagaflos verower. Dan was daar ook Heerden Herman. In 2008 het hy goud gewen in die 800 meter-vryslag by FINA se junior-wêreldkampioenskappe te Monterrey,

Mexiko. By die 2010 Statebondspele in Indië het hy die silwermedalje in die 1500 meter-vrystlag losgeswem en as lid van die 4x200 meter-vrystlagaflosspan ook 'n bronsmedalje ontvang. In 2012 was hy een van net 'n handvol swemmers wat vir meer as een swemnommer by die Londense Olimpiese Spele gekwalifiseer het, naamlik vir die 400 én 1500 meter-vrystlag. Hy het ná die Spele uitgetree om op sy Rhodes-beursstudie by Oxford te konsentreer. Hy is terloops ook die eerste Matie wat die Universiteit se Sportman van die Jaar-toekenning drie keer namekaar ontvang het.

BOKS

Die boksklub het sy ontstaan in 1926 gehad, al het ander universiteite alreeds sedert 1923 om die Hadley-skild geboks. Maties het dit in 1962 vir die eerste keer gewen (alhoewel toe met Tukkie gedeel), maar was daarna 'n gereelde alleenwenner van dié trofee. Dave Martheze het hierdie jaar vir die eerste keer die bokkers onder hande geneem en groot sukses met die klub behaal. Sommer in sy eerste jaar as afrigter was 50% van sy bokkers in die SAU-span opgeneem.

In 1958/59 was drie Maties, by name Louis Wessels, Gerrie Barnard en Pieter Pretorius, in die Suid-Afrikaanse studentespan wat in Europa gaan toer het.

Die interkoshuis-bokstoernooi om die Pikkie Blommaert-wisselbeker wat in c.1957 afgeskop het, was tot in die vroeë 1970's 'n groot gunsteling op die jaarlikse sportkalender. Ongelukkig het die dalende belangstelling sedert 1980 die boksklub genoodsaak om sy deure in 1983 te sluit. Die skielike sterfte van D.D. Marais, as voorsitter en afrigter, het ook 'n bepalende rol hierin gespeel. Bogenoemde interkoshuis-bokstoernooi wat jaarliks met die aanvang van die eerste semester plaasgevind het, was nietemin tot aan die einde baie gewild.

C.J. (Boertjie) Smith het uitgetoorn as die klub se beste bokser in die era 1926-1983. Hy het in 1973 uitgetree nadat hy al die amateurtitels, insluitend die nasionale ligtmiddelgewigtitel, gebuit het. Groot dank en erkenning is die Martheze-egpaar verskuldig om die klub só lank en só suksesvol aan die gang te kon hou.

NETBAL

In die beginjare (c.1928) van die klub was daar twee afdelings, naamlik dié vir eerstejaars en hulle het onder die naam "Coetzenburg" deelgeneem, terwyl die seniorspanne as die Maties in die Boland-liga bekend gestaan het. Hierdie skeiding is in 1967 beëindig, danksy die toeloop van spelers in 1960 wat só groot was dat 'n koshuisliga geloods kon word.

Tobiana Louw was die universiteit se eerste netbal-Springbok toe sy in 1966 gekies is om in 1967 aan die 2de Wêreld-netbalkampioenskappe in Perth (Australië) te gaan deelneem. Sy het Suid-Afrika gehelp om die bronsmedalje te verower. Annemarie Uys het haar in 1973 as die tweede Matie Springbok opgevolg. Daarna het vele ander gekom, soos onder andere Debbie Hamman (Blair) wat met Suid-Afrika se terugkeer tot internasionale netbal in 1994 die span na die wêreldbeker aangevoer het, Patrys Basson, Annie Kloppers, Rese Hugo, Benita Nieuwoudt, Lana van der Westhuizen, Liezl Wium, Leonie Strydom, Christine Markgraaff en talle ander. Christine was in 2006 as die Suid-Afrikaanse Speler van die Jaar aangewys.

Toe Deidré Baird nog as student haar kleure vir die 1996-toer na Australasië verdien het, was ses van die 12 spelers oud-Maties. Bronwyn Bock het haar nasionale kleure in 1998 verwerf toe sy vir die Cosana Afrika Spele gekies is, asook vir die Statebondspele in Maleisië later daardie jaar. Benewens haar was daar vyf oud-Maties in die span. Hulle het saam dus 50% van die span uitgemaak.

BOFBAL

Hierdie Amerikaanse sport het in 1933 sy verskyning op Matieland gemaak. Die klub het meer as een keer doodgeloop, om later net weer te verrys. Ten minste kon P. Goosen darem in 1955 die nasionale span haal toe 'n Amerikaanse studentespan hier kom toer het. Daarna moes die klub weer ontbind het, want in 1973 is opnuut pogings aangewend om dit te laat herleef.

GIMNASTIEK

Die gimnastiekklub dateer uit 1934 en Maties en Suid-Afrika se eerste Springbokgimnas was Jack Wells. Hy het in 1952 én in 1956 aan die Olimpiese Spele deelgeneem. Die volgende was Serfie Potgieter wat sy Springbokkleure in 1971 verwerf het. Hy was die eerste Matie om dit te vermag terwyl hy nog studeer het. Hy was ook op daardie stadium as Suid-Afrika se beste gimnas in die spronge, vloeroefeninge en brug beskou.

Kathy Myburgh was al sedert haar 16de jaar lid van die klub en is in 1976 met Springbokkleure beloon. Sy word sodoende die universiteit se eerste vrou om nasionale kleure in hierdie sport te verwerf.

Nadat Gerhard Swiegers sy internasionale debuut in 1996 gemaak het, het hy Suid-Afrika ook in 2003 op die wêreldkampioenskappe in die VSA verteenwoordig. Van die hele span het hy die beste algeheel gepresteer. Ook in 2004 het hy aan die internasionale Spieth-toernooi in Brasilië én die wêreldbekertoernooi in Chili deelgeneem. In 2005 het hy dit opgevolg met die wêreldkampioenskappe in Melbourne, sowel as die Afrika-kampioenskappe. Hy was ook deel van die nasionale span by die 2006-Statebondspele in Melbourne.

JUKSKEI

Hierdie klub is in 1941 gestig en talle lede is met Bolandkleure beloon. Die klub se grootste trots was egter sy twee Springbokkapteins in die persone van Piet Struwig (1956-1958) en Annatjie Struwig (1957-1958).

STOEI

Nadat die stoeikkub in 1942 gestig is, het Martin Jooste die klub se eerste Springbok geword toe hy gekies was om aan die Britse Rykspele van 1950 in Auckland (Nieu-Seeland) te gaan deelneem, waar hy desondanks 'n verrekte rugspier die bronsmedalje in die weltergewigafdeling verower het. Hy was ook die stoeibestuurder vir die 1956-Olimpiese span na Melbourne (Australië).

Die klub is in 1969 ontbind net om in 1974 weer te herleef. Fanie Vermaak het daarna sy Springbokkleure in 1980 verdien. Dié sport was vir lank baie gewild op die kampus en een van die sterkste klubs in die land, maar in die 1990's het dit stil-stil doodgeloop.

SKERM

Die skermklub is al in 1943 deur Jan Kelder gestig, maar eers in 1951 deur die sportkomitee goedgekeur. Die klub het deurgaans 'n volgehoue ondersteunersbasis gehad en sy eerste Springbokke in die persoon van Heida Ellmer en Dieter Glaue opgelewer, toe hulle in Januarie 1966 in die toerspan na Europa opgeneem is. Heida was ook die spankaptein. Teen 1996 was die klub met sy 60 lede as die grootste in die land beskou. Tog is 'n interkoshuiskompetisie eers so laat as 2006 van stapel gestuur.

SOKKER

Alhoewel sokker reeds sy kop in 1903 op Stellenbosch uitgesteek het, het die studente eers die sport vanaf 1946 op die Van der Stelsportterrein begin speel. Die Matieklub is 'n jaar later gestig. Vanaf 1950 het hulle hul eie veld gehad, maar het 'n wispelturige bestaan gevoer. So byvoorbeeld is die klub in 1960 tot die WP se eerste liga gepromoveer om net weer die volgende jaar terug in die tweede liga te wees. Die klub het in 1956 die tweede liga vir die eerste keer in sy bestaan gewen.

Koshuissokker het sy opwagting in 1967 gemaak en die eerste vroue-sokkerspan in die WP-liga eers in 1999. Groot verwickelinge het oor die afgelope dekade binne die Universiteit se sokkergeledere plaasgevind. Die belangrikste hiervan is die oprigting van die eerste sokkerkompleks as tuiste vir sokker op Lentelus in 2010. Hiermee het die sokkerklub onder andere 'n oefenveld (kunstras) van wêreldgehalte bekom. Dit het ook as basis vir die Universiteit se Jeugsport-inisiatief gedien – 'n projek wat sokkerafrigting en lewensvaardighede aan kinders uit omliggende gemeenskappe gebied het.

Die kompleks sluit ook drie *futsal*-bane in, wat die aanbieding van jeug- en koshuistoernooie vergemaklik het. Die kompleks is tans besig om verdere uitbreidings te ondergaan wat die klub en die sport in geheel nog verder sal ophef.

GHOLF

Die universiteit se gholfklub het sy ontstaan in 1950 gehad en het dit sedert 1962 in die Bolandliga om die Kruger-beker meegeding. Reeds in 1957 en 1964 het Maties al met Springbok-gholfspelers kon spog – hulle was onderskeidelik Jannie le Roux en Dorian Wharton-Hood. Hulle is opgevolg deur Peter Todt wat sy nasionale kleure in 1975 verdien het. Nog 'n latere Springbok, Francois Hanekom, het in Julie 1986 derde geëindig by die Wêreld-Universiteite-kampioenskappe in Skotland.

Dan was daar ook onder andere Colin Sanderson wat hom in 1993 by bogenoemde groep aangesluit het. In 1996 het Jean Hugo sy kleure vir die eerste keer verwerf toe hy gekies is om aan 'n internasionale toernooi in Malawi te gaan deelneem. Hy het ook twee jaar later Suid-Afrika in die tweejaarlikse amateurwêreldkampioenskappe om die Eisenhower-trofee verteenwoordig. Hy was die nasionale amateurkampioen asook die nasionale houe-spelkampioen, voordat hy die beroepsarena betree het. Benewens 14 Sunshine Tour-oorwinnings het hy ook die Finse Ope in 2000 met vyf houe en 'n baanrekord gewen.

In Julie 2000 het Gerlou Roux en Scott Sullivan aan die World University Golf Championships in Noord-Ierland deelgeneem. Te midde van 150 van die wêreld se beste jong gholfspelers, het hulle onder die top 15 geëindig.

Nóg 'n Matie, Oliver Bekker, kan spog met 'n tweede plek in die jaarlikse Boyd Quainch Memorial World Universities Championships wat in 2005 op St. Andrews (Skotland) gehou is. Dit was die beste prestasie sedert Colin Sanderson die toernooi in 1994 én 1995 gewen het (eintlik het net een ander Suid-Afrikaner nog hierdie toernooi, wat sedert 1946 bestaan, gewen). Bekker en sy spanmaat, Riaan Gerber (wat 20ste was), het deurgedring tot die finale ronde. In die proses het hulle 60 ander internasionale universiteitsspelers geklop.

JUDO

Die judo-klub is op 14 Mei 1956 gestig en kort daarna, in 1958, het die eerste judo-intervarsity met Ikeys plaasgevind. Maties se judo-klub is in 1967 as die beste in die land beskou en hul

eerste Springbok was Pieter Nell toe hy in 1969 gekies was om in Bloemfontein aan die Suid-Afrika Spele te gaan deelneem. In 1983 was sy geledere aangevul deur Naudé van der Merwe en Gayle Miles. Ná hulle was daar nog verskeie ander Maties wat ook hierdie eer ontvang het.

Die grootste staatmaker in die klub se geskiedenis is Jan Olivier. Met sy 7de Dan is hy die hoogste gekwalifiseer in Suid-Afrika en het hy in 1981 die Staatspresidents-toekenning vir afrigting ontvang.

In die nuwe millenium het die Maties hul oorheersing in die nasionale universiteite-kompetisie voortgesit en in 2005 is Chris Sadie met nasionale kleure beloon. Hy is tot op datum die enigste judika wat Maties se Sportman van die Jaar-toekenning ontvang het. Matie-deelnemers aan die Olimpiese Spele verdien tog vermelding, hulle was Henriette Möller in 2004 en Tania D'Aguiar in 2008.

WATERPOLO

Maties se mans het die WP-titel in 1982 vir die eerste keer in 25 jaar gewen. Teen 1997 kon die klub met vyf nasionale spelers vir daardie jaar alleen spog, by name Kelly-Jay Botha, Nicky Poulos, Kim Rew, Richard Wall en Mike Harrison.

Die klub het van krag tot krag gegaan en in 2000 het die Maties en die Vics vir die eerste keer die eerste en tweede plekke onderskeidelik van die WP se somerliga behaal. In die Uitkloptoernooi (Maart en April) was die Vics weer eerste en die Maties tweede. Selfs Maties II was tweede in die somerliga en wenner van die Uitklopliga. Die Matie vroue het beide kompetisies gewen.

Duncan Woods en Nic Morris het nasionale kleure verdien met Woods ook die nasionale span se kaptein – 'n onderskeiding wat hom vir 'n hele paar jaar daarna nog te beurt geval het. Hy is ook twee keer as Suid-Afrika se speler van die jaar aangewys. Onder die dames het Eleanor Thomson, Helen Wilson en Kelly Speirs hul land verteenwoordig.

In 2001 was Woods en Thomson kaptein van hul onderlinge nasionale spanne. Dit was die eerste keer in die geskiedenis dat 'n Matie kaptein van beide spanne was. Ses Maties was daardie jaar lid van die Suid-Afrikaanse span na die 21ste World Universiade in Beijing.

PLUIMBAL

Sedert 1959 het die Maties in die Boland-liga koning gekraai. Einde 2001 is berig dat hul eerstespan die eersteliga vir die 13de keer en die superliga vir die 16de keer in die voorafgaande 17 jaar gewen het. Die Victoriane het tweede geëindig. Dit was die eerste keer dat die twee top Matiespanne die seisoen kon afsluit met die twee boonste plekke in die eersteliga. In 2006 was Benjamin Smith in die nasionale span wat die goue medalje op die Pan-Afrika-Spele in Pretoria verower het.

FIETSRY

Die eerste fietsryklub by 'n Suid-Afrikaanse universiteit is in 1962, danksy die inisiatief van Dawie de Beer en Mario van Zyl, op Stellenbosch gestig. Die volgende universiteit wat hul voorbeeld gevolg het was die Universiteit van Natal in 1967 en die Universiteit van Port Elizabeth 'n jaar later. Laasgenoemde se vyf stigterslede was almal oud-Maties.

Maties se eerste WP-fietsryer was Piet "Bicycle" van der Merwe. Meer as 20 jaar later sou die klub Springbokke oplewer soos onder andere Hans Degenaar, Willie Engelbrecht en Wimpie van der Merwe.

Interkoshuiswedrenne dateer sedert 1970, maar die hele fietsryseisoen het om die een groot gebeurtenis, die jaarlikse Stellenbosse Lentekermesse, gewentel. Dit het laat Augustus of vroeg September plaasgevind en die jaers moes 20 rondtes van 2,5 km elk tussen die geboue op die kampus aflê. Honderde toeskouers het altyd hierdie skouspel kom gade slaan. Dit wil voorkom asof dit teen middel 1970's uitgesterf het. In die 1990's het die klub uitgebrei om ook damesfietsry en bergfietsry te akkommodeer.

Toe Suid-Afrika in 1992 weer tot die Olimpiese Spelebeweging toegelaat is, het Scott Richardson sy land in die padwedren verteenwoordig. In 1996 was dit Blayne Wikner se beurt om aan die Olimpiese padwedren vir mans deel te neem. Erica Green-Groenewald was in dieselfde Spele in beide die pad- sowel as bergfietsafdeling vir vroue betrokke. In die 2000-Spele in Sydney was dit net in laasgenoemde afdeling. Sy het ook in 1993 aan die wêreldbaankampioenskappe, in 1996 aan die wêreldpadkampioenskappe en van 1996 tot 2000 aan die wêreldbergfietskampioenskappe deelgeneem. Haar Suid-Afrikaanse en Afrika-rekord in die 3000 meter individuele agtervolging het vir 10 jaar gestaan.

Nog 'n Matie-bergfietsjaer wat sy land in die wêreldkampioenskappe verteenwoordig het, was Neil Wieffering wat dié eer in 1997 te beurt geval het. Mariska Strauss is nog 'n bergfietsryer van faam. Sy het Suid-Afrika in die Statebondspele van 2014 verteenwoordig. Sy kan ook met twee Absa Cape Epic's spog.

KARATE

Toe die Maties se karate-klub in 1964 gestig is, was dit die eerste aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit. Die klub het 'n jaar later die nodige erkenning ontvang en nog twee jaar later kon hulle al met agt aktiewe swartgordelhouders spog.

Bakkies Laubscher het sy senior swartbelt op 16-jarige ouderdom verwerf – die jongste persoon buite Japan wat dit kon vermag. In 1972 het hy sy Springbokkleure in die Goju Ru-afdeling verwerf toe hy gekies is om aan die 2de WUKO wêreldkampioenskappe in Parys te gaan deelneem. Hy het vyfde in die individuele Kumite-afdeling (met geen gewigsonderskeid) geëindig. In 1975 is hy vir 'n tweede keer gekies toe Suid-Afrika in Los Angeles aan die wêreldkampioenskappe gaan deelneem het. In 2004 is die seldsame Hachi Dan (agste graad swartbelt) tydens die Wêreld Budosai aan hom toegeken. Dit maak hom een van die hoogsgeskwalifiseerde karatekas ter wêreld. Hy het op datum al karate in 26 lande onderrig. Daarbenewens het hy vir bykans twee dekades die Matieklub se afrigting ook behartig.

Met die aanvang van die nuwe millenium het Chesslyn-Scott Bailey sy land 'n paar keer agtereenvolgens verteenwoordig.

KANOVAART

In 1969 was Roelof van Riet in die Springboktoerspan na Europa. 'n Jaar daarna was daar twee Maties in die span na die Wêreldsnelroei-kampioenskappe in Kopenhagen (Denemarke). Benewens die Van Riet-broers het André Collins en Hennie Greeff die span uitgemaak, met Roelof en André as Maties. Dit was die begin van 'n rooskleurige toekoms vir Matie-kanovaart.

Die Van Riet-familie verdien meer erkenning. Van die drie broers (Willem, Roelof en Enslin) wat oorspronklik begin roei het, was net Willem nie 'n Matie nie (hy het by Ikeys studeer). In 2010 het Roelof se seun, Ernest, sy nasionale kleure verwerf, maar in 2015 het hy en sy neef Louw (Willem se seun), ook 'n oud-Matie, derde geëindig in die K2 by Liffey in Ierland. Top roeiers van 15 lande het aan hierdie Liffey Descent deelgeneem. Wat dit meer merkwaardig maak is dat hul pa's hierdie wedvaart in 1967 gewen het! Willem en Roelof het die Dusi drie

keer in 'n K2 gewen, terwyl Roelof ook die Bergrivier twee keer en Willem een keer in 'n K1 gewen het.

Pas nadat die Stellenbosch Kanoklub met die inisiatief van onder andere Giel van Deventer, Roelof en Enslin van Riet, André Collins en Pieter Jooste in 1970 gestig is, is hulle as een van die sterkste klubs in die land gereken. Vier van die sesmanspan wat in 1972 aangewys is om die land in 'n reeks wedvaarte in Engeland, Ierland en Denemarke te verteenwoordig was Maties. Op dié toer het André Collins en Jac van der Merwe eers die Britse langafstand-kampioenskappe gewen en dit toe opgevolg met 'n eerste plek op die internasionale Tour de Gudena in Denemarke en 'n tweede plek op die Liffey Descent in Dublin. Enslin van Riet en Sunley Uys het in al die kompetisies onder die top tien geëindig.

Sunley Uys het hom in 1972 by die voorste kanovaarders in Suid-Afrika aangesluit. Vir die grootste gedeelte van die 1970's was hulle prominent in internasionale kanovaartkring. Vier van die ses Springbokke daardie jaar was Maties, naamlik André Collins, Enslin van Riet, Jac van der Merwe en Sunley Uys. Die klub het ook die eerste vier plekke in die moordende Bergrivier-marathon ingeneem.


Toe die Springbokspan in 1974 in Oostenryk gaan toer het, het die span van vyf lede drie Maties bevat (Sunley Uys, Stefan Hugo en J.T. Basson). Teen 1975 het die klub in vyf jaar sewe Springbokke opgelewer en is Sunley as die beste kanovaarder in Suid-Afrika aangewys.



Collins en Uys in die Bergrivier-marathon.



Vlnr. Uys, Collins en Eduard le Roux op die wennersverhoog.



Sunley, André en Roelof.

In 1976 het nog 'n Matie, Frans du Toit, hom by die ander gereelde internasionale spanmaats aangesluit. Eduard le Roux het sy nasionale kleure in 1978 verdien en teen 1986 het die klub al 16 Springbokke opgelewer. Die nuutste toevoegings was Mynard Marais en Julius Andrag in snelroei en Lee McGregor in langafstandroei.

Die Tour de Gudena is in 1978 by die Wêreld Grand Prix-reeks ingesluit. Te midde van strawwe internasionale kompetisie het Collins en Uys dit daardie jaar gewen en vir hiêrdie prestasie die Staatspresidentstoekenning ontvang.

In snelroei het Herman Kotze Suid-Afrika in 1992 by die Olimpiese Spele in Barcelona in die K2-500 meter en K4-1000 meter verteenwoordig. In die middel 1990's het nog 'n roeilegende, Jannie Malherbe (driemalige wenner van die Bergrivier-marathon) se Matie-seuns, Donnie en Louw, Suid-Afrika in Nederland, Denemarke en Spanje verteenwoordig.

Onder die dames het Robyn Kime onlangs hand opgesteek deur kompetisies soos die Bergrivier-marathon, die Dusi en die Visrivierwedvaart meer as een keer te oorheers. Sy het in 2009 die 'Bergrivier' somer met die eerste probeerslag gewen en die volgende jaar haar titel behou. Hierdie marathon is een van die klub se grootste kompetisies. In 2001, by voorbeeld, het 42 Maties hierdie uitmergelende wedvaart oor vier dae en 240 km voltooi!

Tot en met 2014 het meer as 40 Maties een of meer kere nasionale kleure in die roeisport verwerf. Dit sluit drie dames in. Hierdie prestasies is in junior marathon, marathon, witwater, junior snelroei, snelroei en slalom behaal. 'n Uitvloeisel van hierdie sport was die stigting van die US Roei klub (verwysende hier na "sculling") in 1987. Tien jaar later was hulle met 72 lede die grootste in die land.

SPORT VIR PERSONE MET GESTREMDHEDE

Die verwantskap tussen sport vir persone met gestremdhede en die Universiteit Stellenbosch dagteken van die vroeë 1980's. Op daardie stadium het Corné Rossouw, verbonde aan die destydse Departement Liggaamlike Bewegingskunde, betrokke geraak by die Westelike Provinsie Sportvereniging vir Fisiese Gestremdes. Onder haar leierskap was die Unversiteit gasheer vir 'n reeks provinsiale en nasionale kampioenskappe, wat 'n hoogtepunt bereik het met die terugkeer van Suid-Afrika na internasionale kompetisie in die 1992 Paralimpiese Spele in Barcelona. Stellenbosch het gou erkenning gekry as die sentrum vir kundigheid ten opsigte

van sport vir persone met gestremdhede in Suid-Afrika, en die Universiteit is gevra om behulpsaam te wees met die voorbereiding van die Paralimpiese Span vir die Atlanta Spele in 1996. Hierdie poging was so suksesvol dat by die oorweging van wetenskaplike voorbereiding vir die 2000 Sydney Paralimpiese Spele, die Universiteit Stellenbosch weer eens genader is. Die uiteinde was dat 'n amptelike kontrak deur die Vise-Rektor, prof. Julian Smith, onderteken is wat voorsiening gemaak het vir formele afrigting en ondersteuning aan die hele S.A. Paralimpiese span. Hierdie positiewe ervaring, tesame met die voorsiening van span-afrigtingskampe van hoogstaande gehalte, het verseker dat die Universiteit Stellenbosch 'n sleutelrol vervul het binne die voorbereidingsprogramme vir Suid-Afrikaanse Paralimpiese spanne vir Athene (2004) en Beijing (2008).

Prof. Smith het 'n troue ondersteuner van Paralimpiese sport geword. Hy en me. Jackie Wiese, destydse Direkteur van Sport, het saamgewerk om in 2006 erkenning te verleen aan 'n nuwe sportklub, die Maties-Helderberg Sportklub vir Persone met Gestremdhede. Hierdie klub, wat in 2015 hernoem is tot "Maties Parasportklub", het die bestemming geword waar persone met fisiese gestremdhede afrigting kan bekom om mee te ding in sport op die hoogste vlak. Die nasionale benadering tot die voorbereiding van Paralimpiese spanne het verander vir die 2012 en 2016 Speles. Stellenbosch was egter steeds bevoeg om gevorderde afrigting en voorbereiding aan sy atlete te verskaf en lewer steeds 'n noemenswaardige bydrae tot die aantal medaljes wat gewen word. Maties het byvoorbeeld gedurende die 2016 Paralimpiese Spele in Rio de Janeiro 15 lede van Suid-Afrika se 44-lid paralimpiese span opgelewer asook drie afrigters. Zanele Situ – wat aan haar vyfde Spele deelgeneem het – was die span se vlagdraer gedurende die openingseremonie. In totaal is 11 (vyf goud, drie silwer en drie brons) van Suid-Afrika se 17 medaljes deur lede van die Maties Parasportklub verower.



Ernst van Dyk in Boston

Een van Maties se uitstaande sportmanne op hierdie gebied is die rolstoel- en handfietsatleet, Ernst van Dyk (foto). Hy het sedert 1992 aan sewe Paralimpiese Speles deelgeneem en 'n totaal van agt medaljes (twee goud, drie silwer en drie brons) in verskillende items vir Suid-Afrika

ingewin. Sy goue medaljes is gedurende die handfiets padwedrenne in Beijing (2008) en Rio de Janeiro (2016) gewen. Verder het hy sy tiende Boston Marathon-titel (rolstoel) in 2014 verower en is tans die deelnemer met die grootste aantal Boston-oorwinnings in die geskiedenis van hierdie wêreldberoemde wedloop. Toekennings wat hom te beurt geval het, was die 2006-Laureustoekenning vir die wêreldsportman van die jaar met 'n gestremdheid; die 2002- en 2004-Presidentstoekennings vir sport; 2012 en 2013 Minister van Sporttoekenning vir uitstaande prestasie; en in 2014 die SA Sporttoekenning vir 'n sportman met gestremdheid asook finalis van die SA Sportster van die jaar.

Suid-Afrika het Ernst (2010), tesame met ander Maties Ilse Hayes (2013) en Fanie van der Merwe (2014), met die Orde van Ikhamanga (silwer) vereer vir hul bydrae tot sport vir persone met gestremdhede. Hayes is in 2015 en 2016 as Suid-Afrika se sportvrou van die jaar met 'n gestremdheid aangewys, terwyl Charl du Toit in 2016 dieselfde toekenning vir mans ontvang het.

DRIEKAMP

Chad Gordon, Lood Rabie, Barbara Webb en Simon Robinson was almal lede van die driekampspan na die 1993-wêreldkampioenskappe in Manchester. Hulle het dus die klub se topprestasielys ingelui.

Drie jaar later was vyf van die nasionale studentespan se nege lede Maties. In 1997 het nege lede van die Matieklub aan die wêreld-driekamp-kampioenskappe in Sydney gaan deelneem. Hulle was Marius Oberholzer, Peter Maree, Ulrica Roux, Alwyn de Kock, Kathleen Shuttleworth, Nicky Boshoff, Robyn Adendorff, Rowena Curr en Christina Scanell. In dieselfde jaar is Oberholzer, Lood Rabie en Evert Meintjies na die Wêreld Ultra Kampioenskappe in Nice (Frankryk) en Shuttleworth na die Welwillendheid Spele ("Goodwill Games") in Tokio.

Vyf Maties was ook in 1997 gekies om aan die Wêreld-tweekamp-kampioenskappe in Gernika (Spanje) te gaan deelneem. Hulle was Alwyn de Kock, Robyn Adendorff, Evert Meintjies, Nicky Boshoff (almal ook nasionale uitblinkers in Driekamp) en Francoinette van Rooyen. Jean Kotze op sy beurt was by die Powerman Ultra Duathlon-kampioenskappe in Switserland betrokke.

Mari Rabie het in 2008 aan die Olimpiese driekamp deelgeneem en in 2012, tussen haar twee Oxford-grade, ook aan die wêreld-Xterra-kampioenskappe in Maui (Hawaii) waar sy derde geëindig het.

ONDERWATERSPORT

Maties Onderwatersport dek hoofsaaklik drie onderwatersportsoorte, naamlik onderwaterhokkie, visskiet en SCUBA-duik. Stellenbosch het gereeld die SASSU-toernooie oorheers, soos in Desember 1999 toe die klub die toernooi vir die sesde keer agtereenvolgens gewen het.

In Scuba het C. Class sy nasionale kleure in 1980 verdien en André Schmidt sewe jaar later. Onder die visskieters het Attie Louw (1985 & 1987) uitgetoorn. Onderwaterhokke-Springbokkleure het Petrus Bekker (1985) en Kathy Thompson in 1987 te beurt geval. In 1990 het Simon Bekker, Toks Viviers en Cathy Calitz hulle by hierdie uitgelese groepie aangesluit.

In die nuwe millenium het die getal gegroei, soos byvoorbeeld Marlie du Rand wat bronsmedaljes in onderwaterhokkie op die 2000- en 2002-wêreldkampioenskappe verower het, Brent Borstlap en Piet Joubert wat in 2004 aan die wêreldkampioenskappe in Nieu-Seeland

deelgeneem het. Die jaar daarna was dit weer Borstlap, maar met Brynn Simpson en Hybri Janse van Rensburg (lid van die damesspan) wat hul land verteenwoordig het. In 2006 was daar vyf Maties in die nasionale span wat aan die wêreldkampioenskappe in Sheffield (Engeland) gaan deelneem het.

SEILJAGVAART

Rick Mayhew was lid van die Suid-Afrikaanse “Soling”-span by die Olimpiese Spele van 1996. In 2000 was twee Maties, Lee Hawkins en Ducan Dicey, bemanningslede op ’n Fast 42, genaamd *Awesome*, wat die MTN Kaap na Rio-wedvaart in hul klas asook in die voorgeeafdeling gewen het. In 2008 was Dominique Provoyeur lid van die Suid-Afrikaanse seilspan na die Olimpiese Spele en daarmee het hulle geskiedenis gemaak deur ons eerste vroue seilvaarders te word om aan die Spele deel te neem. In die vorige jaar was Dominique 12de in die Yngling-klas by die wêreldkampioenskappe en vyfde in die kielboot-kampioenskappe, beide in Amerika.

DIE PAD VORENTOE

Die vinnig ontwikkelende omgewing van tersiêre sport bied nuwe uitdagings en geleenthede aan universiteite. Sport aan die Universiteit Stellenbosch vind steeds baat by en versterk die Maties handelsmerk op nasionale sowel as internasionale vlak. In 2014 is die instelling se Sportplan hersien en aangepas. Die uitkoms van hierdie proses was die sentrale posisionering van Maties Sport as die strategiese dryfkrag vir sport aan die Universiteit. Gevolglik is daar ook ’n noue belyning van Maties Sport se doelwitte met die oorhoofse institusionele strategie.

Wat mededinging betref het Maties Sport in die laaste jare ’n Hoë Prestasie Eenheid tot stand gebring om die nodige kundigheid en ondersteuning aan die sportklubs waarop gefokus word te verskaf – in besonder met betrekking tot die Varsity Sport-kompetisies. Akademiese ondersteuning word ook aan studente wat deelneem aan die hoë prestasie program verleen om sodoende die bes moontlike geleentheid aan hulle te bied om nie slegs op die sportveld nie, maar ook in die klaskamer, sukses te behaal. ’n Sleutelaspek is dan ook hierdie holistiese benadering.

Nietemin is dit belangrik om kennis te neem van die feit dat hoë prestasie-sport slegs deur ’n klein groepie studente uit die groot aantal studente aan die Universiteit Stellenbosch beoefen word. Die oorgrote meerderheid van studente beoefen sport slegs vir ontspanning en dus is hierdie dimensie die belangrikste in terme van die algehele studente-ervaring aan die Universiteit. In hierdie verband is daar ’n Rekreasie en Aktiewe Leefstyl-eenheid tot stand gebring as deel van Maties Sport – met die spesifieke doel om fisiese welstand onder studente en personeellede te bevorder.

Belegging in die sport-infrastruktuur verseker ook dat sport as ’n bate van die Universiteit uitgebou word. Ten tyde van hierdie skrywe word daar verbeterings by die Coetzenburg Atletiekstadion, asook by die hokkie- en sokkerkomplekse aangebring. Hierdie ontwikkelings sal bydra tot die uitnemendheid wat spesifiek deur die Universiteit in terme van sport aangebied word. Infrastruktuur, gepaard met bestuursvernuf en akademiese kundigheid van die instelling, verseker die voortdurende strewe na Maties Sport se visie: “*Drawing on tradition – imagining the future.*”